

LES 2

Fokus: Die klank van musiek en musiekinstrumente in taalvorm.

Nota: Blootstelling aan musikale klanke in digkuns en ander inligtingsbronne.


- 2.1 **Luister** na 'n voorlesing van die gedig deur *Elsabé Steenberg*. **Lees** dit daarna eers sag en dan hardop vir jousef voor.

Let op na die leestekens. Haal slegs asem by 'n komma of 'n punt. Die effek hiervan is dat die woorde, net soos die vingers oor die klawers, aaneen hardloop en net hier en daar rus. *Jy speel dus klavier met die woorde!*



Die Pianis

*Met sensitiewe
vlinder-vingers
wip jou hande
oor swart en wit
en wit en swart
raak-raak hier,
rus-rus daar,
'n lange, 'n korte
'n agtste
en die molle en kruise
en linkerhandtekens
kom lê hier warm op my hart.
Met solo's en duette
het jy jousef tot in my siel begelei*



*en jy trap nou die pedale van my emosies
 met jou sagte-sagte voete.
 Met donderslae en diep akoorde
 speel jy jousef al dieper in my wese in,
 tot jy weer
tikkel, tokkel
flidder, fladder,
 iewers ver agter die *Baby Grand*,
 so ver,
 so onbereikbaar ver,
 dat jy netsowel 'n opname kon gewees het.
 Oor swart en wit
 en wit en swart
 en grys het nie 'n plek nie,
 en c's en e's
 en vir jou bestaan ek nie verder as g nie,
 maar vir my is jy alles,
 want jy het jousef
 met geoefende vingers
 onlosmaakbaar déél van my gemaak,
 jousef in my in getoonleer.*

- a) **Vertel** eers of jy die pianis kon "hoor" speel en wat jy van die gedig gedink het. Vind uit wat 'n *Baby Grand* is en vertel wat jy uitgevind het.
- b) **Vertel** hoe dink jy haal 'n mens 'n woord uitmekaar uit om by die stam uit te kom (die kleinste betekenisvolle deel van die woord).
- c) Wat dink jy is die stam van die volgende woorde? Skryf die stam onder elkeen neer nadat jy naslaanwerk daarvoor gedoen het:

begelei	onbereikbaar	geoefende	onlosmaakbaar



- d) **Vertel** watter woorde in die gedig is koppeltekenwoorde. Wat dink jy is die effek van die gebruik hiervan?
- e) **Noem** een voorbeeld in die gedig van wat jy dink is alliterasie (maak eers seker jy kan onthou wat is alliterasie).
- f) **Vertel** watter woorde in die gedig is met afkappingstekens geskryf. Waarom dink jy word die woorde so geskryf? Raadpleeg jou woordeboek daarvoor.
- g) Die **meervoud** van 'duet' is 'duette'. Wat gebeur met die **uitspraak** as die meervoud met net een 't' gespel word? **Vertel** wat dink jy is die funksie van die dubbel 't' dus?
- h) Watter gemoedstemmings dink jy beskryf die gedig die beste vir jou:

<i>vrolik</i>	<i>hartseer</i>	<i>rustig</i>	<i>onrustig</i>
<i>sussend</i>	<i>onstuimig</i>	<i>strelend</i>	<i>krapperig</i>
<i>betower</i>	<i>beangs</i>	<i>bewonderend</i>	<i>irriterend</i>
<i>vreugde</i>	<i>smart</i>	<i>verlange</i>	<i>afsydigheid</i>



HET JY GEWEET?

DIE AFKAPPINGSTEKEN (OF APOSTROOF)

- * Afkappingstekens word by die volgende meervoude en verkleinwoorde gebruik:
 - woorde wat op die letters **i, o, u, a** eindig;
 - woorde wat op 'n **e** eindig wat nie uitgespreek word nie;
 - letters, syfers of woorde wat as letters uitgespreek word (bv akronieme);
- * Afkappingstekens word ook soms gebruik om aan te dui dat letters ontbreek.




A large rectangular box containing ten horizontal lines, intended for writing an answer.

c) Van die bewoording in hierdie gedig of liedjie stem ooreen met bewoording in die eerste gedig (*Die Pianis*). Watter ooreenkomste dink jy sien jy raak?

As jy gedink het die woorde is '*wit en swart*' dan is jy in die kol! Vertel waarom dink jy is daardie selfde woorde in twee verskillende gedigte waarvan die een getoonset (in 'n liedjie omskep) is?



- 2.3 a) Kyk weer na die illustrasie van die vleuelklavier op die vorige bladsy. Stel jou voor jy sit op die klavierstoeltjie reg voor die sleutels (die note). Reg in die middel van die ry wit en swart note (in die middel van die klavier) is twee swart note (sleutels).
- b) Kyk weer na die illustrasie van die regop klavier op die vorige bladsy. Kan jy sien daar is 'n slotgleufie aan die voorkant van die note in die hout? Dít is die middel van die klavier en bokant die slotgleufie is die twee swart note waarvan gepraat word.
- c) Plaas jou wysvinger op die linkerkantste swart noot. Skuif nou jou vinger na die wit noot links van daardie swart noot. Die noot se naam is middel-C en sy klank is óók **in die middel** van al die klanke in die klavier.



-
- d) Al die note **links** van middel-C se klank word al hoe dieper en laer en al die note **regs** van middel-C word al hoe fyner en hoër.
- e) **Gebruik twee kleure** en skryf die woorde wat onderstreep is in d) onderaan die illustrasie. Gebruik 'n donker kleur links en 'n helder kleur regs van die C. **Kleur** die note in met die kleure wat jy gebruik het maar los die C in wit. Begin liggies langs die C en maak die kleur stelselmatig donkerder na beide kante soos jy verder gaan.



- 2.5 a) **Blaai nou terug** na Les 1 en kyk weer na die woorde in jou waarneming wat jy gebruik het om te beskryf hoe die voorwerpe, wat jy gebruik het, klink.
- b) **Bekyk** die volgende skets goed. Voeg nog note by na links en na regs en **benoem** hulle (besluit eers waar jy middel-C gaan aandui nadat jy note bygevoeg het).



- c) Kom ons sê 'n koffiebeker se klank is **middel-C** en ons noem die klank "**koud**" (dit **klink** met ander woorde koud). Vertel waar dink jy sal 'n koppie en 'n glas se klanke val (wys met jou vinger op die skets). Skryf die trappe van vergelyking by die skets in. Dui met 'n lyn vanaf die noot aan hoe die klank al hoe hoër word.
- d) Kom ons sê 'n polistereenkoppie se klank is **b** links van middel-C en ons noem die klank "**dof**" (dit **klink** met ander woorde dof). Vertel waar dink jy sal 'n plastiëkkoppie en 'n toiletrolkartonnetjie se klanke val (wys met jou vinger op die skets). Skryf die trappe van vergelyking by die skets in. Dui met 'n lyn vanaf die noot aan hoe die klank al hoe laer word.
- e) Kies jou eie voorwerpe en herhaal b – d. ***Jy maak musiek met taal!***

